

God het die mens goed geskep

Skrifgedeelte: Genesis 1:26-31; HK Sondag 3, Vraag 6
Fokusgedeelte: Genesis 1:31

In die vorige antwoord (5) het ons bely dat ons nie aan die eis van God kan voldoen nie, want ons is geneig om God en ons naaste te haat. Hoe erg die toestand van die mens na die sondeval is, toon Paulus as hy Psalm 14 en Psalm 53 soos volg aanhaal: *"Daar is nie een wat regverdig is nie, selfs nie een nie ... daar is nie een wat na die wil van God vra nie ... Hulle voete is vinnig om bloed te vergiet ... Die pad van vrede het hulle nie leer ken nie, ontsag vir God het hulle nie"* (Rom. 2:10-18). Dit is wat die sonde aan die mens gedoen het.

Nou is die vraag: Wie se skuld is dit dat die mens so sondig en verkeerd is dat hy geneig is om te haat in plaas van om lief te hê? Is dit miskien God se skuld? Het Hy die mens so boos en verkeerd geskep? Dit is in antwoord op hierdie vrae dat aan ons gesê word hoe God die mens geskep het. Teenoor die bedenking dat God die mens sondig en verkeerd geskep het en dat hy nie anders kon as om sonde te doen nie, word nou gesê dat Hy die mens goed geskep het. Hierdie woord *goed* is deur die opstellers van die Kategismus uit die Bybel self oorgeneem, want ons lees in Genesis 1:31: *"Toe het God gekyk na alles wat Hy gemaak het, en dit was baie goed."*

Die woord *goed* het hier 'n besondere betekenis. Dit dui aan dat alles toe volmaak en sonder vlek of rimpel was.

Die woord *goed* sê egter nog meer. Dit sê ook dat die mens so geskep is dat hy aan sy godgegewe doel en bestemming kon beantwoord, naamlik om God te dien en te eer. Toe het die mens egter in sonde geval en homself van al die goeie gawes en vermoëns beroof. Hy kon ook nie meer aan sy doel en bestemming beantwoord nie. Hy het geword soos aan die begin aangedui is (Rom. 2:10-18) en so God se oordeel oor die ganse mensdom gebring (Rom. 5:17-19).

In sy groot genade en liefde het God sy Seun gestuur om versoening te doen vir ons sondes. En die Heilige Gees het die versoening van Christus deel van ons lewe gemaak. Op dié wyse het ons weer goeie mense geword (Hand. 11:24; 1 Tim. 4:6; Tit. 2:5) wat goeie dinge doen (Rom. 13:3; Ef. 6:8; 2 Tess. 3:13) – al kleef daar nog sonde aan ons doen en late. Nou *moet* ons uit dankbaarheid goeie mense wees wat goeie dinge doen tot eer van God.



Publikasie
Publication



Nr./No.: E39